DEEL 115 | WEEK 46 | 17 NOVEMBER 2023 | R5

HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

# Iceberg Truck Stop Bring Groei en Geleenthede

Heilbron het die afgelope jaar 'n opmerklike ekonomiese groei ervaar, veral in die besigheidsektor. Heelwat nuwe besighede het hul deure oopgemaak, wat 'n merkbare ekonomiese inspuiting vir die dorp teweeggebring het. U-Save, Pep Home, Ultra Liquors, Steers en Debonairs tel hieronder. Iceberg Truck Stop langs die R57 het sy deure op 15 November vir die publiek geopen en tel onder die nuwe positiewe bydraes tot die dorp se ekonomie. Hierdie is 'n nuwe projek van die welbekende boere, Leonard en Thabo Strydom, van L&T Boerdery. Dié besigheid het 'n duidelike doel - om 'n veilige hawe vir vragmotor bestuurders te wees, terwyl dit terselfdertyd eet- en oorslaapgeriewe bied.  Die Strydoms hoop om nie net 'n onmisbare diens aan die vragmotor bestuurders te bied nie, maar ook 'n positiewe impak op die plaaslike ekonomie te maak. Leonard en Thabo Strydom, saam met hul gesinne, speel 'n betekenisvolle rol in die gemeenskap se ekonomie deur ook werkgeleenthede te skep met die vestiging van hierdie nuwe onderneming. Die Iceberg Truck Stop is 'n weerspieëling van hul toewyding en hul geloof in die potensiaal van Heilbron. Inwoners van Heilbron geniet ook die voordeel van die dieselprys wat aangebied word. Die Strydoms nooi almal in Heilbron en die omliggende areas uit om die amptelike opening van die Iceberg Truck Stop op 1 Desember by te woon. Hierdie geleentheid bied nie net 'n kans om die nuwe onderneming te ondersteun nie, maar ook om deel te wees van die positiewe veranderinge wat die dorp ervaar.















# The ordination of Renewal of life





*The ordination of Renewal of Life bible school was held on the 12th of November at God Worshippers church, lead by Dr SP Maseko & Dr SS Mokgadi.*

# DIABETES

• ***Heilbron Clinic***

**WHAT IS DIABETES?**

Diabetes develops when your body does not make enough of the hormone insulin. Normally when we eat food, it gets broken down into simple sugars which are taken up into the cells for energy. Insulin's job is to take the sugar into the cells, so when our bodies do not produce enough insulin, the sugar remain in our bloodstream and causes high blood sugar.

**WHAT CAUSES DIABETES?**

Diabetes can affect anybody, but scientists are not sure what causes it. The risk factors that increase your chances of getting diabetes include:

• If you are 35 years old or older
• You are overweight
• Your have other family members with diabetes
• You have high blood pressure

**DON'T IGNORE DIABETES!**

If you have diabetes, it is possible to live a normal healthy life, but, if you have diabetes and do nothing to control it, you are at risk of:


• Blindness
• Heart disease
• Strokes
• Kidney failure
• Losing a foot or leg

**TREATMENT AND CONTROL OF DIABETES**

• Be smart and get tested at your clinic
• Don't be afraid! A person with diabetes can live a normal, healthy life, If you don't know that you have it or you ignore it, diabetes can cause major problems
• Get the right treatment
• Some people with diabetes will need to take injections and other people may need to take tablets. It is important to take your medication like the doctor or clinic sister tells you to
• Get a healthy life
• Stick to a healthy diet: Less fat, Less sugar, Less salt, More fruit, Vegetables and grains, Eat regular, Small meals
• Do regular exercises
• Keep your weight in normal limits
• Stop smoking
• Don't drink alcohol
• Deal with stress
• Exercise often
• Make your medicine a habit

**DON'T FORGET:**

• Smoking is double trouble for people with diabetes
• Get your eyes tested every year
• Take good care of your feet
• Watch your weight




# UIT DIE PEN: Week 46 van 2023



Ek is nie 'n vreeslike goeie geselser nie. Met vreemde mense kan ek grappe maak of vinnige feite uitruil terwyl ons by 'n winkel in die ry staan. Met hartsvriende kan ek kopstukke gesels. Maar dan is daar ander geselskappe waarin ek letterlik in my kop moet grawe vir 'n agenda met onderwerpe vir bespreking.

Soos 'n paar naweke gelede.

Ek het al in die eerste twee minute van ons gesprek geweet dat sy te veel praat. Ek het maar aanhou luister omdat ek nie ongeskik wou wees nie. Dalk moes ek my sommer van die begin af verskoon het.

Huigelaar, dink ek later. Van myself, nie van haar nie.

"Jy weet, ons oudste kind se drie kinders is in die kinderhuis en hulle wag om aangeneem te word. Die ma is 'n dwelmverslaafde en die pa is in die tronk. Hulle was seker so ses maande, of was dit nou sewe maande lank by ons, maar toe vat ons hulle terug kinderhuis toe."

Haar man knik sy kop.

"Die middelste kind is in die tronk, mos 'n hele lot geld gesteel by haar baas. Jinne, ons was so geskok. Derduisende, sê ek jou. Toe die man dit uitvind, is hy vort Kaap toe. Laas toe ek gehoor het, was hy by Bloubergstrand. Ek weet nie wat hy doen nie. Hy het die kind saamgevat en die maatskaplike werker sukkel om hulle in die hande te kry, want die kind is nie eers in die skool nie. Ek dink hy gaan so dom soos sy ma wees."

Die man maak sy oë toe.

"En die jongste se twee bly by ons. Een is outisties en die ander een het 'n bloedsiekte. Glo gekry omdat hy so in sy neus gekrap het. Stukkend gekrap, sê ek jou. Maar ja, nou sit ons daarmee."

Die man sak effens in sy stoel weg.

"Ja, ek dink dit was in 2018. Of was dit nou 2019? Daai jaar het die kinders se pa homself mos uit die lewe gehelp en toe bly die ma en die twee kinders oor. En hulle al drie kan sulke tantrums gooi. Niemand weet waar hulle dit geleer het nie. Weet jy, Kobus?"

Sy pomp die man wat langs haar sit, in die ribbes. Hy sit weer effens regop.

"Toe kom dump sy die kinders by ons en sy gaan soek werk. Sy het darem nou weer 'n boyfriend en hulle het 'n baba, maar die man suip ook maar lekker, sê ek jou. Ek is nou amper een en sestig en ek kan nie meer agter daai kinders aanhol nie. Sy moet maar haar kinders kom haal."

Die man langs haar sug diep.

Het jy gestudeer, vra sy my. Ja, sê ek. O, sê sy. Haar pa en haar ma was altwee gegradueerde onderwysers. My pa was skoolhoof en hy het so vyftien jaar... of was dit nou sestien jaar gelede, afgetree. Hom mos nou afgesloof vir die skool. En wat kry hy daarvoor?

Die man langs haar begin rondskuif.

"Jy sien, my sussie bly ook in daardie dorp. Sy is gereeld weg en dan bly die kinders by oupa en ouma. Dis hoekom hulle so lief is vir skool. Oupa het hulle maar soontoe gevat, want my sussie het nie kans gesien om hulle met skoolwerk te help nie. Haar program was heeltemal te vol en haar man moes verskillende byeenkomste bywoon. Sy was aanmekaar weg. Vir besigheid, het sy gesê, maar ons het maar ons bedenkinge gehad. Gelukkig het haar werkgewer haar darem altyd in kontant betaal. Maar jy kon sien presies hoe hard sy werk: sulke donker kringe onder haar oë en sy verloor vreeslik gewig. Sy laaik niks van diets nie."

"Nê pa?"

Die man langs haar raak meer ongemaklik.

"En toe word haar man mos nou siek. Was dit in Februarie of in Maart? Man, ek kan ook nie meer onthou nie. Siek, sê ek jou. Hulle neem hom op in die provinsiale hospitaal, want hy het nie 'n mediese fonds nie. Moes later sy groot 4x4 verkoop om hom te kan oorplaas na 'n private hospitaal. Nugter weet hoekom ons provinsiale hospitale so agteruitgaa... s meer ordentlike voorrade in daardie hospitale nie.

"Want my tannie werk by 'n provinsiale hospitaal. As haar kinders en die buurkinders siek word of 'n besering opdoen, staan sy darem altyd gereed met pleisters en pille. Sy deel ook sommer vir hulle antibiotika uit en spuit hulle so af en toe in ook. Sy sorg ook vir haar buurvrou, want dié het hoë bloeddruk en my tannie gee maandeliks vir haar medikasie daarvoor."

Die man langs haar kyk haar skerp aan.

Ek kyk rondom my, op soek na uitkomkans. Gelukkig is die gasvrou besig om tafel te dek en ek haas my soontoe. Op soek na ander geselskap.

Goeiste, dink ek, as ek sulke familie gehad het, het ek eerder oor die weer gesels. Of politiek, selfs rugby en die Springbokembleem. Beurtkrag, aardverwarming en doleansie. Dalk oor die voordele en nadele van kunsmatige intelligensie.

Maar nee, ek het nie eers kans gekry om iets te sê nie.

Vandag se les is om nie alles uit te blaker nie. Kies jou gehoor, kies jou temas en kies jou inligting.

Dit herinner my aan 'n plakkaat in een van my dierkunde dosente se kantoor: Please ensure that brain is engaged before putting mouth into action.

Sela.

# Geen verslag nog oor beweerde "spookwerkers": Sterk protes

Ons laaste uitgawe vir die jaar is DV **14 Desember 2023** en eerste uitgawe vir volgende jaar **12 Januarie 2024**.

ANC-raadslede sukkel blykbaar ook om 'n verslag oor beweerde "spookwerkers" in Ngwathe munisipaliteit onder oë te kry. Die verslag is verlede maand opgestel na 'n interne ondersoek deur amptenare. Dit sou reeds op 25 Oktober aan die agerende munisipale bestuurder oorhandig word, maar is vertraag omdat laasgenoemde se tydelike aanstelling per abuis op 19 Oktober verval het. Toe hy verlede week heraangestel word, het DA-raadslid Arnold Schoonwinkel onmiddellik per brief aangedring op die verslag. "Maar, tot dusver, sonder enige sukses hoegenaamd," sê hy gister aan Herald.

Herald berig weke reeds oor Ngwathe Munisipaliteit se beweerde "kamma-werknemers" wat salarisse ontvang sonder dat hulle voltyds (of selfs deeltyds) werk (Herald, 27 Oktober). "Hulle verskyn op die munisipale betaalstate, maar rapporteer óf glad nie vir diens nie, óf meld soggens aan, maar verdwyn dan weer," aldus Rdl Schoonwinkel.

Raadslid Phillip van der Merwe (VF+) het verlede maand gekla Ngwathe beskik tans nie oor 'n doeltreffende stelsel wat amptenare by hul aankoms by die werkplek inklok en uitteken met hul vertrek nie. "Dit maak sogenaamde "spookwerkers" moontlik," het hy gesê. Hy het gevra dat so 'n stelsel dringend ondersoek word, en ook sekuriteitskameras om te kan monitor of sekuriteitspersoneel tydens hul skofte voltyds aanwesig bly. Dit is aanvaar.

DA-raadslid Arnold Schoonwinkel het gesê hy is vertroulik ingelig Ngwathe het spookwerkers wat ten volle betaal word "sonder om 'n steek werk te doen." DA-vrae in Mangaung metromunisipaliteit, gesteun deur die VF+, het onlangs 119 spookwerkers daar ontmasker. In MaP, die munisipaliteit met Harrismith as hoofdorp, het DA-ondersoeke, weereens met die steun van die VF+ asook sekere ANC-raadslede, gehelp om 26 spookwerkers bloot te lê.

'n Ander raadslid het daarop beweer 'n personeellid in Koppies meld soggens vir diens aan by die munisipale kantoor en verkas dan dadelik om 'n besige spaza tuis te gaan bedryf. "En niks gebeur nie," het die raadslid bygevoeg. Nog 'n raadslid, hierdie keer van die ANC, het gesê hy hoor sekere munisipale amptenare in Vredefort drink tydens kantoorure in 'n kroeg, wat hy nogal glo, "want bedags is hulle kantore leeg". Hy kon die drinkery nog nie bewys nie, want die drinkende werknemers kruip glo weg wanneer hulle sy voertuig gewaar.

'n Senior amptenaar het gesê 'n interne ondersoek na moontlike "spookwerkers" is reeds gedoen. Daarna het Rdl Schoonwinkel geskryf: "No doubt you agree …(we)… need sight of the management report on 'ghostworkers' immediately." Sy versoek is ondersteun deur VF+ se Raadslede Phillip van der Merwe en Prof Jan Meyer. Maar eergistermiddag het 'n ANC-komiteevoorsitter verklaar dat hy "vies en gefrustreerd is" omdat sekere verslae blykbaar weerhou word. Rdle Schoonwinkel en Van der Merwe het hom toe gesteun in sy besluit om onmiddellik sterk daaroor te protesteer by burgemeester Victoria de Beer-Mthombeni.













# Fynproewers Gilde sluit op 'n hoë noot af

• *Fynproewers Gilde*

Op Vrydag 10 November het die Heilbron Fynproewers Gilde hul jaarlikse bedrywighede afgesluit en die feesseisoen afgeskop met hul jaarlikse Kersete.

’n Keurige Kerstafel, heerlike kos en vrolike geselskap het die lede van die gilde begroet. Colette Els van Donsveertjie Gasteplaas het die tafels gedek en Dawn Wessels was die spysenier vir die aand. Op die spyskaart was lamsboud, versagte steak pastei, pampoenpoffers, spinasie rollade, gebakte aartappels, Basmati rys en ’n feestelike slaai.

Die nagereg was ’n simfonie op die tong! Mnr. Tommie Esterhuyse het op ’n positiewe noot die heildronk ingestel. Mnr. Alwyn Swart het vier nuwe lede ingehuldig nl: Derick De Lange, Hestel Geldenhuys, Gideon en Anet Malherbe. Dit is met dankbaarheid dat die gilde terugkyk op 2023 vir ’n jaar van genade en seën. ’n Geseënde Kerstyd word aan almal toegewens namens die Heilbron Fynproewers Gilde.









*Op die foto agter: Alwyn Swart.*
*Voor vl: Derick de Lange, Hestel Geldenhuys, Anet en Gideon Malherbe.*

# Suid-Afrikaner hoofseun in Nieu-Seeland

Uit die hart van Heilbron is daar 'n storie van 'n jong Suid-Afrikaner, Zander Steyn Groenewald, wat sy stempel in die verre land van Nieu-Seeland afgedruk het. Gebore as die seun van Charl en Janelle Groenewald, het Zander 'n mooi pad gestap vanaf 'n klein seuntjie in 'n vreemde land totdat hy onlangs as die trotse hoofseun van sy skool aangewys is. Die Groenewald-familie het ongeveer elf jaar gelede hulle blyplek in Suid-Afrika verruil vir die skilderagtige landskap van Nieu-Seeland. In daardie tyd het Zander nie net sy wortels in die vrugbare grond van sy nuwe tuiste geplant nie, maar hy het ook sy lewe daar begin wat hom na die hoogtepunt van sy skoolloopbaan sou lei. Die storie van Zander se aanwysing as hoofseun is 'n verhaal van toewyding en harde werk. Die proses begin met 'n onderwyser wat 'n kind aanbeveel, gevolg deur 'n streng keuringsproses deur 'n paneel. Hy het nie net die beoordelaars vir 'n ses geslaan nie, maar het ook al sy medeleerders oortuig om as hoofseun verkies te word. As Suid-Afrikaner van geboorte is hierdie 'n besonderse prestasie vir hierdie jong leier. Sy trotse ouers, Charl en Janelle, sy grootouers George en Wendy Roos, en Pieter en Rina Groenewald, het hom ondersteun met elke tree van hierdie merkwaardige reis. Zander is nie die enigste uitblinker in die huis nie. Sy sussie Chanelle Groenewald, ook 'n gebore Suid-Afrikaner, is dux-leerling in dieselfde skool. Dit bewys dat 'n Suid-Afrikaner se drome en ambisies geen grense het nie, selfs nie in die verre Nieu-Seeland nie. Baie geluk met jul prestasies!



*Op die foto vl: Janelle, Zander en Charl Groenewald.*


debeer&claassen attorneys

**(RIETPAN FARMING EIENDOMS BEPERK)**
(T2673/MAT14583)

Kennisgewing geskied hiermee ingevolge die bepalings van artikel 34(1) van die Insolvensiewet, No. 24 van 1936, aan belanghebbende partye en skuldeisers van **Rietpan Farming Eiendoms Beperk registrasienommer 2019/510780/07** van voorgenome verkoping en oordrag van Gedeelte 2 van die **Plaas Rietvlei 1393, Distrik Heilbron, Vrystaat Provinsie, grootte 85,6532 hektaar** en gehou kragtens **Transportakte T12797/2021** na 'n tydperk van nie minder as 30 dae en nie meer as 60 dae vanaf die laaste publikasie van die betrokke advertensies in terme van Artikel 34(1) van die Insolvensiewet, No. 24 van 1936, aan Versien Landgoed Eiendoms Beperk registrasienommer 2023/899952/07.

**VERSIEN LANDGOED EIENDOMS BEPERK,**
1 Orwell Park, 2 Orwell Drive,
Three Rivers, Gauteng Province, South African
Tel: 016 976 0800
Ref: Cornelius Adriaan Meyer

**NAAM EN ADRES VAN ADVERTEERDER:**
**DE BEER & CLAASSEN ATTORNEYS**
**15 NJ VAN DER MERWE CRESCENT,**
**SASOLBURG, 1947**
**TEL.: 016 976 0800**
**REF: T2673**



HEILBRON CAR WASH
BESIGHEIDSURE:
Maandae tot Vrydae: 08:00 tot 17:00
Saterdae: 08:00 tot 13:00
Ons perseel verskuif na
H/v Kerk- en Luytstraat Heilbron
Navrae: 061 017 4472



debeer&claassen attorneys

**(BONNGOE PROJECTS AND ENTERPRISE EIENDOMS BEPERK)**
(T2673I/MAT14584)

Kennisgewing geskied hiermee ingevolge die bepalings van artikel 34(1) van die Insolvensiewet, No. 24 van 1936, aan belanghebbende partye en skuldeisers van **Bonngoe Projects and enterprise Eiendoms Beperk registrasienommer 2016/484914/07** van voorgenome verkoping en oordrag van **Plaas Rietspan 1496, Distrik Heilbron, Vrystaat Provinsie, grootte 260,6812 hektaar** en gehou kragtens **Transportakte T20536/2018** na 'n tydperk van nie minder as 30 dae en nie meer as 60 dae vanaf die laaste publikasie van die betrokke advertensies in terme van Artikel 34(1) van die Insolvensiewet, No. 24 van 1936, aan Versien Landgoed Eiendoms Beperk registrasienommer 2023/899952/07.

**VERSIEN LANDGOED EIENDOMS BEPERK,**
1 Orwell Park, 2 Orwell Drive, Three Rivers,
Gauteng Province, South African
Tel: 016 976 0800
Ref: Cornelius Adriaan Meyer

**NAAM EN ADRES VAN ADVERTEERDER;**
**DE BEER & CLAASSEN ATTORNEYS**
**15 NJ VAN DER MERWE CRESCENT,**
**SASOLBURG, 1947**
**TEL.: 016 976 0800**
**REF: T2673I**





Baie dankie

Hoe sê mens ooit genoeg dankie?

Dankie vir soveel liefde en ondersteuning in hierdie moeilike tyd! Dankie vir elke boodskap, elke drukkie, elke woord van bemoediging.

Weet net - ons waardeer elkeen van julle! En ons weet Wihann sal vir altyd in ons almal se harte en gedagtes wees, tot ons mekaar weer sien.

**Clary & Zelna Naudé**




*Bring asb alle bestellings vir drukwerk, meubels, skryfbehoeftes, ko-operatiewe klere, groot formaat drukwerk so gou moontlik, om teleurstelling te voorkom.*

**Fabriek sluit 14 Desember 2023 & winkel sluit 20 Desember 2023. Fabriek & winkel open DV 8 Januarie 2024.**



SOLAR VIBE
ALL ELECTRICAL & SOLAR APPLIANCES
47 Cilliers Street, Heilbron
060 908 9009 | admin@solarvibestore.com
All Electrical & Solar Appliances available in store!
Orders placed with next day delivery
Solar installations & After Services

# Kleuterkasteel hou konsert



Kleuterkasteel het Vrydagaand die deure van verbeelding oopgemaak en 'n skouspelagtige konsert vir almal teenwoordig aangebied. Die kleuters het hul ouers, vriende en onderwysers betower met hul skitterende vertonings en oulike persoonlikhede. Van die oomblik wat die kleintjies die verhoog betree het, was dit duidelik dat hierdie aand iets besonders gaan wees. Hulle het met hul prettige uitrustings dadelik die gehoor se harte gesteel. Die kinders het nie net op die verhoog geskitter nie, maar dat hulle self die aand geniet het, was duidelik op hul gesiggies sigbaar. Ouers het met trots elke vreugdevolle oomblik vasgevang. Johan van Rooyen het namens die ouers 'n spesiale huldeblyk gelewer aan Bokkie Myburgh, jarelange en geliefde skoolhoof van Kleuterkasteel, wat nou aftree. Bokkie was jare lank 'n bron van inspirasie vir kinders en ouers. Die ouers het ook hul waardering getoon vir die toegewyde onderwysers en personeel wat hierdie aand moontlik gemaak het. Hierdie aand was weereens 'n onvergeetlike herinnering vir die ouers en kinders.

# Lisensiekantoor nou weer oop




'n Bekende gesig in die gemeenskap, Mosia Mosia, is terug op sy pos en gereed om Heilbronners in die lisensiekantoor te bedien. Die nuus dat die lisensiekantore naby Senwes weer oop is, is met groot blydskap ontvang. Vir meer as 'n jaar was Heilbron se motoriste verontrief en moes hulle na omliggende dorpe reis om die relevante besigheid daar te doen. Dit was die gevolg nadat daar in Februarie 2022 by die lisensiekantoor ingebreek is en alle toerusting gesteel is. Hierdie uitdagings het 'n las op die gemeenskap geplaas en veroorsaak dat individue nie hul lisensiesskywe kon hernu nie. Verskeie besighede en persone het 'n bydrae gemaak sodat daar herstelwerk aan die gebou gedoen kon word. Motoriste kan nou weer hulle lisensies hernu en eienaarskap van motors verander, maar ongelukkig is die hernuwing van rybewyse nog nie beskikbaar nie. Dit bly dus 'n uitdaging vir diegene wat wag om leerling- of bestuurslisensies te bekom. Daar is nog geen duidelike aankondiging oor wanneer hierdie spesifieke diens weer beskikbaar sal wees nie. Die gemeenskap van Heilbron sien uit na die volledige herstel van alle lisensiedienste.

# Skaap-raai-kompetisie



*Kleuterkasteel Heilbon het hul Skaap-raai-kompetise-wenners aangekondig. Op die foto vl: Bokkie Myburgh (Skoolhoof) en Alwico Lesch. Albie Schoeman en Gabby van der Westhuizen het die meeste kaartjies verkoop tydens die kompetisie.*






# Briewe van ons lesers



I am writing on behalf of the Sandersville Community.

This open letter seeks to purposely address the recurring problems associated with the improper disposal of blood and animal waste, which are being released into the Community sewer system.

This hazardous practice has led to unprecedented blockages in our community sewer system.

Moreover, the unbearable stench caused by the discharges has become an increasingly disturbing issue for the Community members living within proximity of your facility.

As members of the Sandersville Community, we understand the importance of maintaining a healthy balance between economic development and the well-being of our environment and individuals.

However, we are deeply troubled by the detrimental effects that these activities have on the local ecosystem and quality of life for residents.

Over the past few months, we have observed disturbingly an increase in unprecedented recurring blockages within our community sewer system... these blockages disrupt the functionality of the sewer system, resulting in inconvenience and potential hygiene problems for the entire community.

Furthermore, the resulting stench emitted from the facility is not just an inconvenience, but a genuine nuisance that affects the well-being of our community members.

The unbearable odour permeates our homes, causing discomfort and rendering our outdoor spaces nearly unusable.

This stench is particularly problematic during warmer days/nights when community members seek solace and enjoyment outdoors.

The community firmly believes that the current state of affairs is unacceptable as it not only jeopardizes the health and well-being of the community but also violates the principles of responsible environmental stewardship.

Therefore, we kindly request that your management take immediate action to rectify this situation and mitigate the impact of these activities on the Community of Sandersville and the environment, as they significantly affect the harmony and liveability of our community.

Thank you for your understanding... we sincerely hope your management will give this matter the immediate action it deserves and make the necessary changes to rectify the unsanitary practices and environmental hazards associated with your facility...The community of Sandersville looks forward to your prompt response and resolution of this matter.

Yours sincerely,
Rona de Jager

# Kieser registrasienaweek:

## *Vermy teleurstelling later*

Die Onafhanklike Verkiesingskommissie (OVK) stel op 18 en 19 November 2023 landswyd registrasie punte beskikbaar waar kiesers kan registreer om te stem in die verkiesing van lede van die nasionale parlement en provinsiale wetgewers wat iewers in of na Mei 2024 sal plaasvind. Registrasiebeamptes sal by elke stempunt, waar tydens die verkiesing gestem kan word, beskikbaar wees om kiesers behulpsaam te wees om nuut te registreer of om besonderhede op die kieserslys na te gaan en, waar nodig, op te dateer.

"Kiesers moet daarop let dat die proses sedert die vorige nasionale verkiesing aangepas is en dat kiesers in die komende verkiesing slegs sal kan stem by die stempunt waar hulle geregistreer is. Dit is 'n wesenlike verandering daar kiesers voorheen by enige stempunt in die land vir lede van die parlement en by enige stempunt in die provinsie waarin hulle geregistreer is vir lede van die provinsiale wetgewers kon stem," sê Vryheidsfront Plus raadslid Phillip van der Merwe

Dit is derhalwe noodsaaklik dat kiesers die geleentheid gebruik om te verseker dat hulle sal kan stem by die stempunt naaste aan hul woonadres. Versuim om 'n adres op die kieserslys te verander indien iemand sedert die vorige verkiesing verhuis het, sal meebring dat die persoon, indien hy wil stem, sal moet reis na die stempunt waar hy geregistreer is of eenvoudig nie sal kan stem nie. "Kiesers moet dus nou die geleentheid gebruik om seker te maak hul inligting is korrek vervat op die kieserslys," maan raadslid Van der Merwe. Al wat benodig word om te registreer of besonderhede op die kieserslys aan te pas is 'n identiteitsdokument of -kaart.

Heilbron inwoners se stemlokaal is hoofsaaklik die Heilbron Hoërskoolsaal. Registrasiepunte sal oop wees vanaf 08:00 tot 17:00, op beide dae.




# Onwettige aanstelling van Ngwathe beampte met LUR opgeneem

Die Ngwathe Munisipale Raad het tydens 'n spesiale raadsvergadering op 8 November 2023 Mnr AB Netshivhodza op kontroversiële wyse aangestel as waarnemende direkteur van die departement gemeenskapsdienste. Die ANC meerderheid raadslede het die aanstelling gesteun en deurgedruk ten spyte van protes deur die VF Plus, die DA en die Ngwathe Ratepayers Association. Die EFF het buite stemming gebly.

Vryheidsfront raadslid Phillip van der Merwe het aan die vergadering voorgehou dat die kandidaat nie voldoen het aan die minimum vereistes vir aanstelling in die pos nie. Die gewysigde Munisipale Stelselswet bepaal spesifiek dat die aanstelling van enige persoon in 'n senior bestuurspos terwyl hy nie aan die vereistes betreffende bekwaamhede, kundigheid, bevoegdheid of kwalifikasies voldoen nie, nietig is. Sy standpunt is sterk deur die DA ondersteun.

Uit dokumente aan die vergadering voorgelê het geblyk dat die kandidaat beskik oor 'n Baccalareus graad in skeikunde, terwyl so 'n graad in die publieke administrasie, politieke wetenskappe, sosiale wetenskappe of regte as minimum vereiste gestel word. "Die kandidaat se graad is nie toepaslik nie en kon nie as voldoening aan die vereistes vir aanstelling in die pos aanvaar word nie," sê raadslid Van der Merwe. "Die raad het reeds vingers verbrand met die vorige aanstelling van 'n direkteur wat nie geskik gekwalifiseerd was vir die pos waarin hy aangestel was nie en 'n herhaling van die fout kan eenvoudig nie bekostig word nie, veral in 'n tyd waar Ngwathe dienslewering op die laagste vlak in jare is.

Benewens dokumentasie oor kwalifikasies was geen inligting aan die raad voorgehou betreffende die kandidaat se bekwaamhede, kundigheid of bevoegdheid vir aanstelling in die pos nie. Daar word o.a. verlang dat 'n kandidaat vir die pos oor minstens vyf jaar ervaring op middelvlak bestuur sal beskik, maar daar was geen inligting om diensrekords of ervaring te staaf, beskikbaar nie. "Die afwesigheid van inligting om te oorweeg opsigself maak in elk geval reeds die aanstelling onreëlmatig," sê raadslid Van der Merwe verder. Hy het die saak namens die Vryheidsfront Plus verwys na die Lid van die Uitvoerende Komitee vir Plaaslike Regering met die versoek dat dié ingryp en die munisipaliteit aansê om die onwettige aanstelling, wat uit die staanspoor nietig was, ter syde te stel. Tans word gewag op terugvoering van die LUR.

HERALD *Sport*

# Gholfklub 2024 komitee

Heilbron Gholfklub se algemene jaarvergadering het plaasgevind op 15 November waartydens die jaar se gebeure en finansiële verslag bespreek was. Al die lede en komiteelede is bedank vir hulle insette deur die jaar, asook al die borge en betrokke persone waarop die klub staatmaak. Die nuwe komiteelede vir 2024 is soos volg verkies: President – Adriaan Smit, Voorsitter - Shaun Hayward, Tesourier- Delareyz Smit en Kaptein - Zacharia Mholo.

John Watson is aangewys as erelid en bedank omdat hy vanaf 1980 al 'n lid van die klub is. John het oor die jare die volgende uitstekende gholf prestasies behaal: Junior Kampioen, C Afdeling, B Afdeling, A Afdeling, klubkampioen sowel as Senior. John was ook 'n aantal jare president en die klub waardeer sy leiding en goeie sportmangees.

Die nuwe komitee is opgewonde oor die jaar wat voorlê en om die klub se belange met ywer aan te pak. Gewoonlik hierdie tyd van die jaar is die Prestigedag (Presidentsdag) en Klubdag die enigste gholfdae oor op die klub se kalender. Daar word beplan om hierdie jaar die President en Klubdag te kombineer op 2 Desember, maar die finale reëlings sal bevestig word. Saterdag is gewone spel indien die weersomstandighede dit toelaat, andersins nooi die klub lede en nie-lede om die klub sosiaal te besoek.




*Heilbron Gholfklub se nuwe komitee vir 2024: Op die foto vl: Shaun Hayward (Voorsitter), Adriaan Smit (President), Delareyz Smit (Tesourier) en Zacharia Mholo (Kaptein).*

# Hittegolf sit nie die span af nie

## *Goud, Silwer en Brons vir Heilbron*

Die afgelope naweek het die Valsrivier Viere Kampioenskappe te Kroonstad Rolbalklub plaasgevind. Toestande van uiterste hitte was aan die orde van die dag. Een wedstryd alleen het 2 ure of meer in beslag geneem en spelers is tot die uiterste beproef. Heilbron Rolbalklub se Damesspan met Ellie v Coller as Skip het met die louere weggestap. Wat die prestasie so merkwaardig maak is dat hulle in al 5 hul wedstryde skoonskip gemaak het en vanjaar is dit op 'n rondomtalie basis beslis, wat dit soveel moeiliker gemaak het. Ons maak ook melding van Tracy Jacobs wat onder die vaandel van KBC gespeel het en deel was van die span wat die bronsmedalje verower het.

Wat die mans betref het dit net so goed gegaan Die span van Jurie Jonker, Johnnie Fourie, Koos Bierman en Willie Pretorius is net-net geklop met plus punte deur 'n span van KBC nadat hulle eweveel wedstryde gewen het. Hulle het met die silwer medalje weggestap. Rudi Jacobs, Edward en RJ Muller en JC het brons verower. Heilbron het diepte wat betref mansspelers en het hulle hulle stempel goed afgedruk.



*Op die foto vl: Sonja Muller, Dolly Pretorius, Hannalie Claassen en Ellie van Coller*



*Op die foto vl: Koos Bierman, Johnnie Fourie, Jurie Jonker en Willie Pretorius.*

Nou beskikbaar by VKB Heilbron tot en met 19 November 2023 terwyl voorraad hou.
Leg Quarters R232.50
Thighs - R207.90
vkb
Vir enige navrae 058 852 3499
Hoenderporsies is dwarsdeur die jaar beskikbaar.



BKB
The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou
BELANGRIKSTE veilings
MAANDAG - 20 NOVEMBER 2023
DEVON Weeklikse veiling
Kontak Jurg Haywood 082 578 6241
BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346
BELFAST: YIREVES SOLUTIONS 50 CC
Staakboerdery bees/skaap
11:00, plaas Zwartkopje
Kontak Rocco van Rooyen 082 799 2776
DINSDAG - 21 NOVEMBER 2023
KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Diaan Niewenhuis 083 636 2314
VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak SC de Jager 082 599 2312
MONT PELAAN Maandelikse veiling
Kontak Marthinus Theunissen 076 420 4115
ERMELO Vetvee veiling
Kontak David Harris 082 573 7979
WOENSDAG - 22 NOVEMBER 2023
REITZ Twee Weeklikse veiling
Kontak Jandré Moll 082 307 9169
BULTFONTEIN Twee-weeklikse veiling
Kontak Louwtjie Bezuidenhout 082 827 7443
STANDERTON Vetveeveiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811
WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776
DONDERDAG - 23 NOVEMBER 2023
FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Deon Stegmann 079 878 2109
KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022
ERMELO Weeklikse veiling
Kontak David Harris 082 573 7979
DUNDEE Twee-weeklikse veiling
Kontak Brokkie Brockmann 084 429 3091
VRYDAG - 24 NOVEMBER 2023
BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Jaco Breedt 082 440 8960
STANDERTON HVS Herdenkingsveiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811
POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956
www.bkb.co.za
BKB Limited 1998/012435/06
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071

HEILBRON OK Foods
R200 000 GIVEAWAY
SPEND R200 OR MORE AND SWIPE YOUR OK LOYALTY CARD TO WIN YOUR SHARE OF R200 000
3 WINNERS PER WEEK FOR 20 WEEKS
VALID AT: HEILBRON OK FOODS, OK LIQUOR & OK EXPRESS
18 Aug 2023 until 05 Jan 2024
Terms and Conditions Apply